Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Voordele van Toepassing op Pensioenarisse

((Waar hierdie dokument na die manlike geslag verwys, is die ander geslagte daarby inbegrepe. Sekere terme word in die 'Woordomskrywings' afdeling beskryf aan die einde van hierdie dokument.)

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer van hierdie dokument | DV0403 |
| HEMIS-klassifikasie | |
| Doel | Sit die voordele uiteen wat geld vir werknemers wat by die US aftree |
| Tipe dokument | Beleid |
| Toeganklikheid | Algemeen (ekstern en intern) |
| Implementeringsdatum | Voor Augustus 2007 |
| Hersieningsdatum/-frekwensie | Na gelang van noodsaaklike aanpassings |
| Vorige hersienings | Januarie 2023 |
| Eienaar van hierdie beleid | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie beleid | Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne |
| Goedkeuringsdatum | Januarie 2023 |
| Goedgekeur deur | SU Raad |
| Sleutelwoorde | subsidie, gadeversekering, groeplewensversekering, mediese skema, begrafnisversekering, klasgeld |

**Die kern van die beleid**

Sit die voordele uiteen wat geld vir werknemers wat by die Stellenbosch Universiteit (SU) aftree.

**HANDTEKENING**

# INHOUD

1. Gadeversekeringskema ........ 3
2. Groeplewensversekeringskema ........ 3
3. Mediese skema ........ 3
4. Begrafnisdekking ........ 5
5. Gapingsproduk-versekeringsplan ........ 5
6. Vrystelling van onderriggelde ........ 6

Woordomskrywings ........ 6
Ondersteunende dokumente ........ 7
Verbandhoudende dokumente ........ 7

**HANDTEKENING**

## 1. Gadeversekeringskema

Die gadeversekeringskema bied lewensversekering aan lede by afsterwe van hulle huweliksmaat. Totdat lede die ouderdom van 65 bereik, is hulle huweliksmaat se lewe verseker vir 'n bedrag wat gelyk aan twee maal die lid se jaarlikse pensioendraende bedrag is. Daarna verminder die versekerde bedrag met 25%. Bykomend tot die lewensdekking is lede se huweliksmaats ook gedek vir ongeskiktheid totdat die huweliksmaat die ouderdom van 60 bereik.

Die onderskrywer bepaal jaarliks die bedrag wat skemabydraes beloop, en vorder dit maandeliks van die lid via die werkgewer. Die lid betaal die volle premie.

Opbrengste moet aan die lid uitbetaal word.

(Omskrywings vir ‘pensioendraende bedrag’ en ‘huweliksmaat’ is aan die einde van die dokument vervat, in 7.4 en 7.5 onderskeidelik).

## 2. Groeplewensversekeringskema

Die groeplewensversekeringskema bied lewensversekering van vyf maal die jaarlikse pensioendraende bedrag indien lede te sterwe kom. Nadat lede die ouderdom van 65 bereik het, verminder hierdie lewensdekking met 25%. Die opbrengs word gewoonlik uitbetaal aan die afhanklikes wat op ’n geldige benoemingsvorm aangedui of in ’n geldige testament beskryf is.

Die onderskrywer bepaal jaarliks die bedrag wat skemabydraes beloop, en vorder dit maandeliks van die lid via die werkgewer. Die US dra 40% van die premiekoste verbonde aan lidmaatskap van hierdie skema. Werknemers aangestel vanaf 1 Januarie 2018 ontvang geen subsidie op die voordeel nie.

Die groeplewensversekeringskema sluit geen ongeskiktheidsvoordele in nie.

## 3. Mediese skema

Algemene voorwaardes wat lidmaatskap van die mediese skema betref*:*

a) Nóg lede self nóg enige van hulle afhanklikes mag tegelykertyd lid van die US se mediese skema en van enige ander geregistreerde mediese skema wees nie.

b) By ’n lid se afsterwe kry hulle afhanklike(s) wat ten tye van die lid se afsterwe as afhanklike(s) geregistreer is die geleentheid om as lede van die mediese skema aan te bly. Die oorlede pensioenaris se wettige huweliksmaat – of, indien geen huweliksmaat betrokke is nie, die oudste

**HANDTEKENING**

van die voormalige lid se geregistreerde afhanklikes – kan dan as hooflid van die mediese skema beskou word. Indien die oorlede pensioenaris vir 'n Raadsbydrae in aanmerking gekom het, kom die nuwe hooflid ook daarvoor in aanmerking. Indien 'n huweliksmaat wat op sodanige wyse hooflid geword het weer in die huwelik tree, verval die Raadsbydrae ten opsigte van die huweliksmaat. Wat die geregistreerde afhanklikes betref, word die Raadsbydrae in sodanige omstandighede behou.

c) Werknemers wat medies ongeskik is, sal as US-werknemers hanteer word totdat hulle met pensioen by die Universiteit uit diens tree, waarna die reëls wat vir pensioenarislede geld, op hulle van toepassing sal wees.

Kansellasie van lidmaatskap

a) Pensioenarislede wat hulle lidmaatskap van enige van die US se verkose mediese skema beëindig, kan nie later weer as lede by enige van die skemas aansluit nie.

Bepaling van Raadsbydraes tot mediese premies na aftrede:

a) Hooflede wat voor 1 September 1997 in die US se diens aangestel is, of tussen 1 September 1997 en 31 Mei 2002 aangestel is en by aftrede 20 jaar aaneenlopende diens het, sal na aftrede 'n Raadsbydrae ten opsigte van hulleself ontvang; so ook hulle afhanklikes wat volgens die US- mediese skema se deelnamebeleid vir 'n Raadsbydrae in aanmerking kom. Wat enige verdere afhanklikes betref, sal die reëls van die mediese skema die tydperk bepaal waarvoor 'n Raadsbydrae betaal moet word.

b) Hooflede wat tussen 1 September 1997 en 31 Mei 2002 aangestel is en by aftrede minder as 20 jaar aaneenlopende diens het, sal 'n Raadsbydrae slegs vir die ooreenstemmende aantal jare ononderbroke diens ontvang. Die Raadsbydrae ten opsigte van sulke lede en hulle afhanklikes wat volgens die US- mediese skema se deelnamebeleid vir 'n Raadsbydrae in aanmerking kom, bly na aftrede onveranderlik. Dit word dus nie volgens bydraeverhogings, mediesekoste-inflasie of enige ander maatstaf aangepas nie.

c) Hooflede wat met ingang van 1 Junie 2002 of daarna by die US in diens getree het, is op geen Raadsbydrae tot die mediese skema geregtig nie.

d) Hooflede wat voor die ouderdom van 60 met pensioen uit die US se diens tree, se Raadsbydrae tot hulle mediese premies word verminder met 0,25% vir elke maand wat hulle uit diens getree het voordat hulle die

**HANDTEKENING**

ouderdom van 60 bereik het.

e) Die maandelikse Raadsbydrae wat aan pensioenarisse ten opsigte van die mediese skema gemaak moet word, word bepaal deur die bepaalde merkeropsie wat die US Raad as grondslag vir die berekening van die Universiteit se maksimum bydrae gekies het; onderhewig aan die bepaalde opsie waarvolgens 'n betrokke hooflid – asook sy afhanklikes – op die datum van aftrede aan die mediese skema deelgeneem het.

f) Indien 'n pensioenarislid se aantal geregistreerde afhanklikes verminder, word die Raadsbydrae tot die mediese premie dienooreenkomstig verminder.

g) Die Raadsbydrae tot die mediese premie na aftrede is gekoppel aan die hooflid en hulle geregistreerde afhanklikes. Indien 'n wysiging in die hooflid se huwelikstaat na aftrede meebring dat die aantal afhanklikes toeneem, kan die bykomende afhanklikes wel as lede van die mediese skema ingeskryf word, maar hulle sal vir geen Raadsbydrae tot die lid se mediese bydrae in aanmerking geneem word nie.

h) Kinders se voortgesette lidmaatskap word volgens die reëls van die mediese skema hanteer.

(Woordomskrywings vir 'afhanklike' en 'kind' is aan die einde van hierdie dokument vervat).

## 4. Begrafnisdekking

Werknemers kan na aftrede voortgaan as lid van die begrafnisdekking. Die betrokke voordele is soos volg:

a) hooflid en gade – R30 000

b) kinders van ouderdom 14 tot 21 jaar (25 jaar in geval van 'n voltydse student) – R22 500; en

c) kinders jonger as 14 jaar – R15 000.

Die Raad dra tot hierdie premie by op dieselfde grondslag as in die geval van die mediese skema.

## 5. Gapingsproduk-versekeringsplan

Lidmaatskap van die Gapingsproduk-versekeringsplan kan na aftrede voortgesit word. Sommige medieseskema-opsies bied nie omvattende dekking vir hospitalisasie nie, wat kan veroorsaak dat lede finansiële tekorte ondervind. Die doel van hierdie versekeringsplan is om sulke soorte tekorte te finansier. Die Raad dra tot hierdie premie by op dieselfde grondslag as in die geval van die mediese skema.

**HANDTEKENING**

6. **Vrystelling van onderriggelde**

   Afgetrede personeellede kan van onderriggelde vrygestel word, onderhewig aan sekere voorwaardes.

   Verwys na: Reglement insake Vrystelling van Onderriggelde vir Studie aan die Universiteit Stellenbosch by Vrystelling van Onderiggelde

# Woordomskrywings

Tensy uit die sinsverband anders blyk, dra die uitdrukkings hier onder die volgende betekenisse:

**7.1 'Kind'**

Die lid se kind, stiefkind of wetlik aangenome kind (ook die kind van 'n lid se gemeenregtelike huweliksmaat) wat jonger as 21 jaar en nie selfversorgend nie is, en wat aan geen ander mediese skema behoort nie – hetsy op grond van eie lidmaatskap of as afhanklike van 'n ander lid;

**7.2 'Koste van indiensname' (KVI)**

die totale koste van indiensname (KVI) vir die werkgewer, wat alle kontantvergoeding en alle bydraes tot bystandfondse insluit; verpligte statutêre werkgewerbydraes en verlof word nie by die KVI ingereken nie;

**7.3 'Afhanklike' (vir doeleindes van die mediese skema)**

- 'n lid se huweliksmaat wat nie aan 'n ander mediese skema behoort nie;
- 'n lid se ongetroude kind wat nie aan 'n ander mediese skema behoort nie (hetsy as lid of as afhanklike), nie selfversorgend is nie en jonger as 21 jaar is;
- 'n lid se ongetroude kind wat nie selfversorgend is nie, wat jonger as 21 jaar is, wat voltyds studeer aan 'n opvoedkundige inrigting wat deur die mediese skema goedgekeur is en wat op versoek by die mediese skema as 'n afhanklike deur die skema erken word; en
- 'n lid se ongetroude kind wat nie selfversorgend is nie en ouer as 21 jaar is, wat as gevolg van 'n geestes- of fisieke gebrek of 'n soortgelyke oorsaak op aansoek deur die mediese skema as 'n volwasse afhanklike deur die skema erken word; onderhewig aan die voorwaardes wat die mediese skema sou kon voorskryf;

**7.4 'Pensioendraende bedrag'**

In die reël gelyk aan 75% van die totale jaarlikse KVI.

**HANDTEKENING**

Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT | forward together sonke siya phambili saam vorentoe

**7.5 'Huweliksmaat'**

- 'n persoon wat as regtens getroud erken word; en
- 'n persoon wat al meer as ses maande lank met 'n ander persoon saamwoon en beoog om permanent so te bly saamwoon en wat, redelikerwys beoordeel op grond van die feite van die betrokke geval, as 'n deelgenoot in 'n permanente saamwoonverhouding beskou kan word;

## Ondersteunende dokumente

| **Itemnr.** | **Naam van dokument** | **Status** *(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)* |
|---|---|---|
| | Geen | |

## Verbandhoudende dokumente

| **Itemnr.** | **Naam van dokument** | **Status** *(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)* |
|---|---|---|
| DV0406 | Voordele (Voordelebeleid) | Goedgekeur |

**Handtekening: ……………………………** **Datum: ………………………..**